

GRAANOPBERGINGSOORENKOMS

OORENKOMS AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

SENWES BEPERK

Charel de Klerkstraat 1

KLERKSDORP

("die **HOOFKANTOOR**")

hierin verteenwoordig deur _____

(hierinlater na verwys as "**die GRAANSILO-EIENAAR**")

en

Volle name en van, of naam van ondernemingsvorm

Senwes klantnommer: _____

Indien individu, identiteitsnommer: _____

Indien Maatskappy of Beslote Korporasie, die registrasienommer: _____

(asook 'n afskrif van die **magtigende besluit**)

Indien 'n trust, moet 'n afskrif van die Meester se aanstellingsbrief asook 'n afskrif van die magtigende trusteebesluit aangeheg word.

Verteenwoordig deur: _____

Hoedanigheid: _____

Fisiese adres

Posadres:

Telefoonnommer: _____ / _____

Faksnommer: _____ / _____

Selnommer: _____ / _____

(hierinlater na verwys as "**die GRAANSILOGEBRUIKER**").

AANGESIEN die Graansilogebruiker graan en/of oliesade ("**die produk**") in die graansilo's van die Graansilo-eienaar wil opberg;

EN AANGESIEN die Graansilo-eienaar bereid is om opbergingsgeriewe vir sodanige produkte tesame met sekere gepaardgaande dienste in sy silo's aan die Graansilogebruiker beskikbaar te stel ("**die dienste**");

NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN:

1.

- 1.1 Hierdie ooreenkoms neem 'n aanvang by die ondertekening daarvan en duur voort vir 'n onbepaalde periode en derhalwe vir veelvuldige produksiejare. Die ooreenkoms kan te eniger tyd skriftelik deur enigeen van die partye gekanselleer word met een kalendermaand kennisgewing.
- 1.2 Die opbergingsgeriewe word deur die Graansilo-eienaar beskikbaar gestel en deur die Graansilogebruiker gebruik in terme van die bepalings van hierdie ooreenkoms.

2.

- 2.1 Omdat die plant- en oesseisoene van die verskeie produkte verskil, sal die Graansilogebruiker verplig wees om die produkte wat hy gedurende 'n bepaalde produksieseisoen by die Graansilo-eienaar lewer vir opberging, weer uit die betrokke graansilo te onttrek teen nie later nie as die datums wat teenoor die produkte hieronder aangetoon word, en wat volg onmiddellik na die datum van lewering daarvan deur die Graansilogebruiker, naamlik:

Mielies	-	30 April
Sorghum	-	30 April
Koring	-	30 September
Sojabone	-	31 Januarie
Sonneblom	-	31 Januarie
Gars	-	30 September
Hawer	-	30 September
Ander	-	
("die finale datum")		<hr/>

- 2.2 Indien die produk nie op die finale datum verwyder word nie, sal die Graansilo-eienaar geregtig wees om vanaf die dag na die finale datum die geldende tarief te hef tot op die datum van onttrekking daarvan.

3.

- 3.1 Die netto massa van 'n produk word bepaal deur die verskil tussen die gelewerde voginhoud en die voorgeskrewe voglobasis van elke produk soos hierna aangedui, af te trek van die bruto gelewerde massa daarvan:

Mielies	-	12.5%
Sorghum	-	12.5%
Koring	-	12,5% (Indien nat koring met 'n voginhoud, meer as 13% gelewer word)
Sojabone	-	12%
Sonneblom	-	10%
(die vogaansuiwering")		

- 3.2 Aangesien die Graansilogebruiker 'n produk lewer op 'n onskoongemaakte basis, sal die Graansilo-eienaar verder die ondergemelde aftrekkings doen van die bruto massa, van die gelewerde produk nadat die vogaansuiwering gedoen is, ten einde die netto massa te bepaal wat uiteindelik weer deur die Graansilogebruiker onttrek mag word, te wete:

Mielies	- 1%
Sorghum	- 2.28%
Koring	- die werklike persentasie vreemde stowwe en sifsels
Sojabone	- werklike persentasie vreemde materiaal
Sonneblom	- werklike persentasie vreemde materiaal

(hierinlater verwys na as "die netto massa").

- 3.3 Alle produkte wat by die Graansilo-eienaar gelewer word, moet voldoen aan die graderingsregulasies van die Direkoraat Plant en Gehalte Beheer van die Nasionale Departement van Landbou. Besonderhede van die graderingsregulasies sal by die Graansilo-eienaar se silo's beskikbaar wees en die Graansilogebruiker onderneem om homself voor datum van elke lewering te vergewis van die bepalings daarvan. Die Graansilo-eienaar sal aan die hand van die graderingsregulasies by ontvangsneming van 'n produk die graad daarvan vasstel en aanteken en hierdie vasstelling sal deur die partye as finaal en bindend aanvaar word vir alle doeleindes hiervan.
- 3.4 Die Graansilogebruiker sal nie kan aanspraak maak op teruglewering aan hom van meer as die netto massa van 'n produk nie of van 'n gradering beter as dié soos deur die Graansilo-eienaar aangeteken en bepaal ooreenkomstig die bepalings hiervan nie. In die geval van koring word dit volgens die jaarlikse omsendskrywe hanteer.
- 3.5 Ingeval 'n dispuut sou ontstaan tussen die partye betreffende die bepaling van die netto massa of gradering van 'n produk waarvan die Graansilogebruiker beweer hy geregtig is op teruglewering, sal 'n sertifikaat onderteken deur 'n beamppte aangewys deur die Graansilo-eienaar (wie se status nie bewys hoef te word nie), dien as *prima facie* getuienis van hoe sodanige netto massa bepaal is en wat die gradering en totaal daarvan beloop vir alle doeleindes hiervan, en meer spesifiek, vir doeleindes van litigasie tussen die partye, en sal daar 'n onus rus op die Graansilogebruiker om te bewys dat enige besonderhede vervat in sodanige sertifikaat, foutief is.

4.

Tensy skriftelik anders met die Graansilo-eienaar ooreengekom word, sal die Graansilogebruiker verplig wees om die produk weer te onttrek by daardie silo waar hy dit aanvanklik gelewer het, of alternatiewelik, by 'n silo aangewys deur die Graansilo-eienaar.

5.

- 5.1 Die Graansilo-eienaar sal die produk verseker teen risiko's en die waarde daarvan van tyd tot tyd in sy uitsluitlike diskresie bepaal ("die versekerde waarde"). Besonderhede in verband met die betrokke versekering sal op aanvraag aan die Graansilogebruiker beskikbaar gestel word.
- 5.2 Indien dit sou gebeur dat die Graansilo-eienaar nie in staat mag wees om die produk of enige gedeelte daarvan aan die Graansilogebruiker terug te lewer omdat dit tot niet gegaan het of beskadig is of bakteries of andersins besmet geraak het (sodat dit deels of geheel en al ongeskik geword het vir menslike en/of dierlike gebruik), of weens enige ander rede hoegenaamd, of indien dit sou gebeur dat die produk wat beskadig of besmet is soos hierin bedoel, tog wel deur die Graansilo-eienaar aan die Graansilogebruiker teruggelewer word, sal die Graansilo-eienaar nie aanspreeklik wees vir enige gevolgskaade wat die Graansilogebruiker mag ly voortspruitend uit die onvermoë om terug te lewer of uit die teruglewering van beskadigde of besmette produk nie.
- 5.3 Onder die omstandighede uiteengesit in die voorafgaande sub-paragraaf, sal die Graansilo-eienaar verplig wees om aan die Graansilogebruiker skadevergoeding te betaal in 'n bedrag gelykstaande aan die versekerde waarde na verwys in 5.1 van die vernietigde of beskadigde of besmette graan.
- 5.4 Die Graansilo-eienaar sal in sy uitsluitlike diskresie van tyd tot tyd die tarief bepaal

waarteen die Graansilogebruiker hom sal vergoed vir sy dienste, wat sal insluit die berging, die hantering, die weeg, die skoonmaak, die droging, die beroking asook die beraamde versekeringskoste ten aansien van die produk bereken op 'n proporsionele basis ("die tarief").

- 5.5 Besonderhede van die tarief sal te alle tye by die Graansilo-eienaar se hoofkantoor en alle silo's ter insae beskikbaar wees.
- 5.6 Deur 'n produk aan die Graansilo-eienaar te lewer, gee die Graansilogebruiker te kenne dat hy homself vergewis het van die toepaslike tarief en onderneem hy om homself deurlopend op hoogte te hou van enige aanpassings in sodanige tarief soos wat dit van tyd tot tyd deur die Graansilo-eienaar vasgestel mag word.
- 5.7 Die Graansilogebruiker onderneem om voor of op die laaste dag van elke maand betaling te doen van alle tariefgelde wat deur hom verskuldig geraak het ten opsigte van dienste gelewer gedurende die voorafgaande kalendermaand.
- 5.8 Indien die produk verkoop word, sal alle uitstaande graansilokostes eers gevorder word van die Graansilogebruiker se produkopbrengs.

6.

- 6.1 Die Graansilo-eienaar sal nie verplig wees om produkte aan die Graansilogebruiker te lewer nie, tensy die tariefgelde voormeld ten aansien daarvan betaal is nie.
- 6.2 Tot tyd en wyl die Graansilogebruiker die tariefgelde ten volle betaal het of vir solank hy gelde weens enige skuldoorsaak hoegenaamd aan die Graansilo-eienaar verskuldig is, sal die Graansilo-eienaar geregtig wees om in waarde voldoende tonnemaat, produkte terug te hou as pand vir alle gelde wat aan hom verskuldig is, asook 'n geskatte bedrag ten opsigte van tariefgelde wat op die pandgoedere verskuldig sal raak oor 'n verdere 12 (twaalf) maande of totdat alle tariefgelde ingevorder is. Die waarde van die tonnemaat word bepaal deur die gemiddelde

SAFEX-prys wat van toepassing is, op die dag waarop die onttrekking van die produk sou plaasvind.

- 6.3 Rente sal betaalbaar wees op alle agterstallige tariefgelde en sal bereken word vanaf die eerste dag wat volg op die betaaldatum op daaglikse saldos teen 'n koers gelykstaande aan die prima uitleenkoers van tyd tot tyd gehef deur die Graansilo-eienaars se Bankiers op oortrokke fasiliteite vir leners sonder sekuriteit, plus **2 (twee)** addisionele persentasiepunte daarby.

7.

- 7.1 Teruglewering sal geskied op aanvraag. Die risiko in teruggelewerde produkte sal na die Graansilogebruiker oorgaan onmiddellik by die loslating daarvan uit die Graansilo's.
- 7.2 Die verwydering van die gelewerde produk vanaf die perseel van die Graansilo-eienaar sal dien as bevestiging van en erkenning deur die Graansilogebruiker dat hy tevrede is met die massa daarvan soos aangedui deur die Graansilo-eienaar en dat dit van dieselfde kwaliteit en graad is as dié wat hy ingelewer het vir berging.

8.

Die Graansilogebruiker kies en benoem sy adres soos op die voorblad hiervan uiteengesit as sy *domicilium citandi et executandi* waar alle kennisgewings en regsprosesstukke vir alle doeleindes wat hiermee verband hou afgelewer en/of beteken mag word. Enige dokument of kennisgewing word geag deur die skuldenaar ontvang te gewees het:

- 8.1 Indien per hand afgelewer, op die datum van aflewering.
- 8.2 Indien die voorafbetaalde geregistreerde of gesertifiseerde pos, op die 10de dag na indiening by die Poskantoor.

- 8.3 Indien per telegram, of teleks of telefaks, een dag na versending, met dien verstande dat enige dokument of kennisgewing wat werklik ontvang word, voldoende sal wees.

9.

- 9.1 Hierdie ooreenkoms boekstaaf die gehele ooreenkoms tussen die partye.
- 9.2 Geen wysiging, of ooreengekome kansellasië van hierdie ooreenkoms of van enige voorwaarde of term wat hierin vervat is; of verhandelbare dokument of ander dokumente uitgereik of uitgevoer in terme van hierdie ooreenkoms; en geen skikking van enige dispuut wat voortvloei uit hierdie ooreenkoms en geen uitstel, afstanddoening, verslapping of opskorting; of enige ooreenkoms om nie die ooreenkoms af te dwing nie; of om dit oor te hou of op te kort, sal bindend wees tensy dit op skrif gestel is en deur 'n party onderteken en aan die teenparty besorg is nie.
- 9.3 Geen uitstel, afstanddoening of verslapping van enige voorwaardes of term van hierdie ooreenkoms of enige ander ooreenkoms, verhandelbare dokument of ander dokument uitgereik of uitgevoer ingevolge hierdie ooreenkoms, sal dien as 'n estoppel teenoor die ander party in terme van sy regte ingevolge hierdie ooreenkoms nie, en dit sal verder nie die ander party verhoed om sy regte ingevolge hierdie ooreenkoms uit te oefen nie. Enige sodanige uitstel, afstanddoening, verslapping of opskorting sal van toepassing wees slegs ten opsigte van die spesifieke onderwerp waarvoor sodanige reëling getref is.
- 9.4 Geen party sal gebonde wees aan enige uitdruklike of stilswyende term, voorstelling, waarborg, belofte of iets soorgelyks wat nie hierin vervat is nie ongeag of dit aanleiding gegee het tot die sluiting van die kontrak, en ongeag of dit nalatig was, (tot die mate wat die reg dit mag toelaat).

10.

'n Sertifikaat onderteken deur 'n beamppte aangewys deur die Graansilo-eienaar (wie se aanstelling as sulks nie nodig sal wees om te bewys nie) sal prima facie bewys daarstel van die bedrae betaalbaar deur die Graansilogebruiker aan die Graansilo-eienaar in terme hiervan asook dat die bedrae reeds betaalbaar en opeisbaar is vir doeleindes van (insluitende maar nie beperk nie tot) voorlopige vonnis en summiere vonnis. Die persoon wat sodanige Sertifikaat verskaf se status hoef nie bewys te word nie en sal vir doeleindes daarvan verder geregtig wees om hom te beroep op 'n Sertifikaat, uitgereik deur die Graansilo-eienaar se bankiers van tyd tot tyd met betrekking tot die geldende prima koers, en om dit te inkorporeer in en aan te heg as deel van sy eie Sertifikaat.

11.

Die Graansilogebruiker sal aanspreeklik wees vir alle koste aangegaan deur die Graansilo-eienaar in verband met die invordering van enige gelde hieringevolge (insluitende invorderingskommissie, en prokureur en eie kliëntkoste) aangegaan voor of gedurende die instel van enige regsstappe, insluitende enige appéle, of indien vonnis toegestaan is, in verband met die afdwinging van, of betaling van sodanige vonnis.

12.

Niks hierin vervat sal vertolk word as sou die Graansilo-eienaar verplig wees om alle produkte aangebied deur die Graansilogebruiker, vir opberging te aanvaar nie. Die aanvaarding daarvan aldan nie sal te alle relevante tye berus by die Graansilo-eienaar wat sy diskresie sal mag uitoefen aan die hand van onder andere, sy eie behoeftes, die beskikbaarheid van spasie of die funksionaliteit aldan nie van bepaalde silo's.

GEDATEER en GETEKEN te KLERKSDORP op hierdie _____ dag van
_____ 20 ____.

AS GETUIES:

1. _____

Nms. SENWES BEPERK

2. _____

GRAANSILO-EIENAAR

(wat verklaar dat hy behoorlik daartoe gemagtig is)

GEDATEER en GETEKEN te _____ op hierdie _____ dag van
_____ 20 ____.

AS GETUIES:

1. _____

Nms. _____

2. _____

GRAANSILOGEBRUIKER

(wat waarborg dat hy behoorlik daartoe gemagtig is)

KRAGTENS MAATSKAPPY BESLUIT GEDATEER _____